# OOR DOEANE

Die Suid-Afrikaanse Doeane-administrasie speel 'n belangrike rol in die fasilitering van die beweging van goedere en mense wat Suid-Afrika se grense binnekom of verlaat. Ons vooruitsig is om 'n wêreldklas Doeane-diens te lewer wat bydra tot die stabiliteit, gesondheid en vooruitstrewendheid van die land, streek en wêreld.

## Doeane-doelwitte

Die Doeane-mandaat en prioriteite is om:

- Grensbeheerbestuur, gemeenskapsbeveiliging en industriebeveiliging te verskaf
- Handelsbeleidmaatreëls en industrieskemas te administreer; en
- Inkomste in te vorder

## Mense in Doeane

Daar is tans 37 doeane-kantore landwyd, insluitend see-, land- en lughawens, asook vier sentrale prosesseringsentrums. Sien die kontakbesonderhede en bedryfsure van al die doeane-kantore.

Die nagenoeg 2500 personeellede in Doeane, is òf by handelsfasiliteringsaktiwiteite, bv. dokumentêre en fisiese nagaan van vragte, registrasie en lisensiëring, prosessering en oudit, betrokke òf by grensbeheer en wetstoepassingsfunksies, wat lede van die speurhondeenheid insluit.

Personeellede strewe daarna om:

- Hul verantwoordelikhede met eer, trots en integriteit uit te voer;
- Deursigtig, regverdig en verantwoordbaar te wees in al hulle handelinge; en
- In vennootskap te werk met belanghebbendes wat hul visie deel om aktief handelswanpraktyke te beveg.